
# Die Zebravis

*'n Poëtiese binnereis*



Wilna van der Walt

# Die Zebravis

*'n Poëtiese binnereis*

Wilna van der Walt

Gepubliseer in Suid-Afrika deur:

Wilna van der Walt
Adres:  www.wilnavanderwalt.co.za

Kopiereg © Wilna van der Walt 2016

Eerste uitgawe 2016

ISBN 978-0-620-69602-9 (gedrukte weergawe)
ISBN 978-0-620-69607-4 (elektroniese weergawe)

Alle regte streng voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat of bandopname, mikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring, behalwe waar dit in ooreenstemming met die Kopiereg Wet, Wet 98 van 1978, is.

Omslagontwerp: Farm Design www.farmdesign.co.za

Gedruk en gebind deur Caipitil Press, Kaapstad

**Inleiding**

Aan my leser, ‘n bietjie agtergrond aangaande die teks. Die eerste ses gedigte is die rolspelers, die hoofenergiëe agter my worsteling om betekenis en oorlewing in ‘n mitelose moderne samelewing. Hierdie groep is heraaldelik herwerk sedert 2000, behalwe *Haia* wat reeds in 1996 geskryf is en min of meer onveranderd gebly het. Die tweede groep het kort op mekaar gevolg tot 2003, daarna nog enkeles tot 2007, tot en met *Ritme*. Die laaste vyf werke het vanaf 2009 begin manifesteer en bring hierdie opus tot ‘n konklusie. Verskeie van die gedigte is gebaseer op beelde waarvan daar ook skilderye gemaak is.

*Die Wit Man* staan vir die magskompleks wat vorm vanweë die afsplitsing van die skadu, ‘n universele probleem in die westerse kultuur en in die moderne wêreld. Ook die verwysing na ‘grote wit dokter’ in *Siekte* het hierop betrekking; dit het nie met velkleur te doen nie. Verder is dit ook nie ‘n verwysing na die manlike geslag nie, want albei geslagte dra die teenoorgestelde geslag in die onbewuste, en ‘n patriargale vrou kan selfs meer magsugtig wees as ‘n patriargale man.

Nadat die groot rolspelers verskyn het, gaan die verwikkeling eers af, die dieptes in. ‘n Periode volg waar ek myself doelbewus probeer uitlig het met behulp van poësie, en uiteindelik, geleidelik, kom die verwerking en lise van die dilemma.

Die tog was verder ook met behulp van ‘n doelgerigte soeke na my persoonlike waarheid, met die nodige hulp en kundigheid van ander, aangepak.

**Inhoudsopgawe**

*Inleiding*, 2

Jobplek, 5
Die Wit Man, 7
Vroue, 11
Haia, 14
Trickster, 15
Zebravis l, 17
Gesprek met die Wit Man, 19
Kanker, 21
Die niks, 23
Stad, 25
Winterboom, 26
Moord op my vrou, 27
Neurose, 28
Vrystaatse winter, 29
Siekte, 30
Lament van die aap, 33
Okerlyn, 35
Dans met die negatiewe animus, 36
Resep, 38
Beeld, 39
Straat, 41
My tuin, 42
Straatkind, 43
Plek van die olifante, 44
Ek hoor 'n kind huil, 45
Narsisisme, 46
Sjokolade, 47
Stilte, 48
'n Klippie in my hand, 49
My skippie vaar deur stormsee, 50
!, 51
Die ysterpot, 53
Die blom, 54
Die rooi lyn, 55
Kruispaaie, 56
Die mal man, 58
See, 59
Reënboogboom, 60
Geraas, 61
Nagloop, 63
Mosmosaïek, 64
Swaels, 65
My god, 66
Visse, 67
Die hemel se pilare, 68
Na die storm, 69
Vuurdans, 70
Amptenaar, 71
Die uittog, 72
Aangaande die mag van kleiner dinge, 73
A(dol)essent, 74
Die gawe, 75
Gras, 76
My lied, 77

Sleutel, 78
Verwonding, 79
Slange, 80
Die jood, 82
Die dood van ‘n voël, 83
Die bessiebos, 84
Die tromslaner, 85
Die dam, 86
Dans, 87
Hierdie lewe, 88
Brief met borrels, 89
Die hek, 90
Duif in die puntboom, 91
Althea, 92
Granaat, 93
Die geut, 94
Silwerboom, 95
Takkies, 96
Die boemelaar, 97
Klipstapel, 98
Die singende boom, 99
Die waterdraer, 100
Sluiers, 101
Berg, 102
Die stroom, 103
Die blommeverkoper, 104
Grond, 105
Die blou vlinder, 106
Die sprong, 107
Tokkelossie, 108
Die skulp, 109
Klokke, 110
Die moerbeiboom, 111
Die hond, 112
Gesprek, 113
Boom, 116
Madonna, 117
Die bad, 118
Susters, 119
Kat, 120
Gesig, 121
Die jaart, 122
Vrou, 123
Seë, 124
Woord, 125
Somer, 126
Ritme, 127
Die kind het verdwaal, 128
U het gelê, 130
Saad, 132
Zebravisse ll, 133
Die brug, 134

## Jobplek

Op die rant, buite die kring,
alles verloor,
plekloos, verstote: toeskouer
met swere van swaarheid,
ag shame
stigma in die gemeenskap,
voëlvry verklaar
steek onder klippe.

    Waarom, God?
    Waarom ek?
    So sorgvuldig het ek geoffer!
    Waar is die regverdigheid?
    Enigiets, net nie dit nie!

In die verte
sien ek die Jobberg
die heilige plek, ontmoeting
mens soek God,
God soek mens,
soek die betekenis.

Brei die klei
en nog
totdat dit doeksag is
tot ek my eie vorm vind
gegrond in my dieper waarheid,
U duime op my klei:
God word mens…

…maar ek reik weer na die halfjack
in my binnesak
om die pyn nog eenmaal te verdoof,
vertoef ‘n oomblik
huiwerend voor die opdrag
myself te ken, die sifting
‘n kronkelende pelgrimstog.

## Wit Man

Hy
beheer die gebroke geheel
reeds vyfduisend jaar onsigbaar
sedert geboorte van die stad
van wiel en skrif.
Vir tweeduisend jaar regeer hy
            alleen
met sy mantel van mag
            magteloos
agter die reëls.
Nou het die oomblik versplinter tot waansin
verlore kontak met enige grond
jaag oor ons aarde,
gedagtes per selfoon elders
alle emosies afgesplit, vervlak
bepaal deur die radiokommentator.

            Beheer die trop, die massas
            fragmentasie en superspesialisasie
            leë identiteitloosheid.

Dus word alles rigied georden:
geklassifiseer: swart of wit, alles of niks:
gediagnoseer en genormaliseer, geoutomatiseer,
gepreserveer tot status quo ( eksklusief!)

Hy is verwaande oorwinnaar oor die draak,
die dood en Nibelung,
maar daarmeesaam
verloor hy die rykdom van vernuwing,

oeroue sikliese sterf en gebore word,
innerlike groei tot wasdom.

Hy, ontdekker, stigter,
uitvinder en ontwikkelaar
beskermer teen die elemente
bringer van vooruitgang en tegnologie,
die global village
hoe neem ons een sonder die ander?

Hy, die Patriarg
(vrou is tweede beste man)
is baas, suur besitter
wat die vette van die land
rantsoeneer vir sy ondergeskiktes.
Besetter van ons aarde
ridder met sy nuwe wit kar en aktetasskild
oppad na konferensietafelslagting
(en die meerkat plat getrap onder sy wiel )
heerser oor hierdie Auschwitz, masochis en sadis,
kompulsiewe verkragter van sy eie siel,
my siel.

Sy credo:
altyd perfek!
Hy is god
van hierdie manlose wêreld.

Perfek-
te yskoue, Gestapo koue
leegheid en onvergenoegdheid
(hoofsonde is kwaadword )

alle emosies perfek ge-elimineer, beheer, verkoop
tot niks
tot kanker:
fassinerend die afgrond…

En iewers skuil sy handperd
woedende honger roofdier
vol opgebottelde emosies
wat uitbreek en verniel
verkrag, vermoor ad nauseum…

Maar spierwit gewas is hy en sonder skuld
            vals
sonder skadu
            geprojekteer…
                        Verveeld
en hartseer, verslaaf
soek hy na
iets-om-op-te-ghobbbel:
            geld!
( kry koop verniet wen sukses spesiaal gratis ).

Hy is Tydgees
en die spil
waarom Vroue en Trickster dans
sisteem afgeskei van Kruis
struktuur geskei van simbool
(God is dood)
is soos dwalende siel sonder liggaam:
dit spook op straat,
die Wit Man.

Op sy sterfbed besef die enkelling bang
sy eensaamheid
en ongeleef, die hel, onvoorbereid
klou aan Ewige Jeug, ontsnap,
geen Wysheid om die Weg te wys:
die dood is immers taboe,
ons god is infantiel,
nekrofiel.

Die Wit Man is ons erfenis
tot wasdom het hy gegroei
afgesny van sy geboortebodem
sy mite, leeg
met wit kersfees in die somer
ontwakingsfeeste in die herfs.

Tog is dit in hierdie smeltkroes
wat die nuwe vure woed en hou
( sal dit?)
smekend om verlossing
smagtend na bewusmaking.

Let wel: die Wit Man verwys na ‘n magskompleks en nie na geslag of velkleur nie.

## Vroue

Die Wit man se nyd
het haar kastreer;
twee maanhorings is daar
òm die heilige vuur
saam vorm hul die wyse oog:
        die een, Barbie
        die ander, Maria Magdalena.

**Barbie**
Gebore uit die see, uit die skuim
sy, die jongmeisie
beeld van die diep rooi roos
heiligheid en seksualiteit.
Soek die dieper balans
vind die heelheid, waarheid,
want die roos is goddellik;
                              mooiheid
waaraan mans hùl projeksies opgehang het
wat sy geword het, helaas
‘n Lady Di
‘n Walt Disney prinses.

Haar voorkoms dus allerbelangriks
haar credo: die regte manier
die pienk en nice pop
dom blond – sy durf nie weet nie –
wat haar kinders weggooi:
puer aeturnus en leë swart gat
kan nie groei tot volheid nie.

Wat ‘n masker opgrimeer en koud sorg
(sorg?)
dat die oppervlak ongerimpel bly
wanneer orkane
onder die see se oppervlak woed
maar sy die waansin saambind
tot kollektiwiteit
en taal,
en kinders tòg daagliks
gevoed, geklee, in die bed en by die skool mòèt kom.

**Maria Magdalena**
Uitgetrapte skoene
hande vol knobbels gewerk
hare eenvoudig gekam, prakties;
selfopofferend of onselfsugtig
die Moeder:
vir kinders en man
haar huis haar wêreld.

Met geduld en oorgawe,
geen chaos te veeleisend,
liefdevol,
sorg sy, sien, dra
leef sy vir die kinders?
Spin die webbe:
sonder volheid kom verwyt;
eet die kinders, beklou die lewe.

Of lig en selfloos
uit haar volheid
bring die aarde hutte voort.

Ongesien gee sy: sy kan laat gaan,
en laat geen erfenis of las.

Twee fases, die maanhorings
en die derde
gedra deur die bul sedert vroeë tye
die nuwe, die ou maan
ewig in stryd,
en vind mekaar:
dan word die aarde groen.

## Haia, die grotvrou

Sy is oud en jonk.
Sy ruik na grond en vuur
en kruie uit ver berge.
Haar arms is taai en seningrig,
hande eelterig en sag.

Sy bly in ‘n donker grot.
Eenkant, vaagweg, sien mens strooimatbeddegoed,
ook kalbasse en mandjies.
Daar is ‘n trom, ‘n koringstamper.
Droë kruiebossies hang van die dak.
Daar is ‘n man ook daar.
Sy is by die vuur.
Sy kom
en neem mens òp met die warmte in haar oë
sonder woorde.
Sy hou met deernis en teerheid
so oneindig soos Tyd.

Sy kan ‘n ding sien met haar drie oë
en die vierde,
haar ster,
in die halssnoer om haar nek.
So roep sy die voorvadergeeste.
Wys is sy in haar lyf, sy weeg met haar lyf,
die Oudste by die Skoonmaak, streng en fel.
En as haar tyd kom,
groet sy stil en volg die Oudstes,
want sy ken die ding
en sy vlug nie.

## Trickster

Tussen die vroue speel hy,
die hermafrodiet.
Weeskind, straatkind,
wonderkind, sonkind,
wat met toertjies, truuks en sjarme
van vroeg al moes oorleef,
vyand van draak en swaard,
status quo, alle erns
kan hy nie ongeraak laat.
Psychopomp
bekend deur eeue as
Thoth, Hermes of Mercurius?
Christus of Leviathan? Duiwel?
duwweltjie in my kous
monkey ...

Fassette van een waarheid
rusteloos opsoek na heelheid
instinktief versteur hy eensydigheid
op soek na nuwe balanse
hierdie bedrieër-towenaar
met sy skuiwende lojaliteite.
Hy bring beweging, bewustheid en groei
of chaos, skuld en onsekerheid
of enige kombinasie

Hy dryf die Proses van Indiwiduasie
is vaandeldraer
maak die modes, adverteer
dryf die kunste
floreer op raaisels.

Met slinkse spottende gebaar
speel hy genadeloos die balle van
Hoop, Liefde, Mag, Waarheid en Realiteite
-wat is die waarheid?

Hy verplaas Verantwoordelikheid
-sy gunsteling bal-
skop hom, doel hom,
slaan hom, dien hom, vervyf hom:
moet net nie met hom gevang word nie.
Die spelers, die gode
ons, marionette.
Hy betower my met sy lier,
vermaak my, so oulik
steel gou my vuur;
skuldig: ek!
Swartskaap, dra almal se skadu
watter is myne?

Soek hom,
vind hom by die kruispad:
die pad van hede en toekoms,
herkoms en bestemming,
die rigtingwyser:
altyd 'n keuse.

En impulsief
speel-speel grap-grap haha
die verspotte, magtige Tom Bombadil
of slymerige Smeagol "gollum gollum"
groei tot
Madonna en Kind.

## Zebravis l

Wanorde! Anargie! Korrupsie!
Diskriminasie! Rassisme! Haat!
Moord! Verkragting!
Dagbreek van die Waterdraer,
tyd van die Imago.
Onverstaanbaar vir mekaar
partye wat sprakeloos saamkom
op hierdie gekke grenslynplek
vind ge-ets die Zebravis:
kop van zebra lyf van vis
eend in die water.

Skepping of fantasie?
Sangoma se visioen:
weerkoms van die magiese oomblik
droomwêreld word aards
bewustheid groei in skeppende spel
wat die nabyheid van die gode,
chaos, verteerbaar maak;
            'n brug bou
in hul blik
tussen binnewereld en straat
wat spreek van begrip, deernis en pyn.
'n Kokon, 'n kweekhuis
wat 'n nuwe brose heelheid versorg.

          Hou die vure
          in hul goddelike kroes
          en skroei ons nié!
          Vòèl die pyn!

Soek die stilte òp.
O die waansin van die Mall, die TV, die geblêr!
Soek die kind, die spel
die vrye beeld,
die pad na heelheid
in die spieël
van die skeppende proses.

## Gesprek met die Wit Man

Wit Man, jy,
wat my nog altyd vervolg,
my afdruk,
my lekker vat;
      jy,
wat my moed breek,
my in die moeras gooi,
my verlam...
      Jy!

Eintlik is ek bang vir jou
sidder voor jou koudheid en gesag.
Teenoor jou voel ek magteloos!
Jy hou my heelheid
in jou handpalm.
Dus speel ek jou verskriklike spel
van beheer
vasgevang in die angs.

Ek wil wegkom van jou,
van jou stad en geraas,
maar ek kan nie;
jy's deel van my,
buite my,
binne my...

*Vat my hand,*
      *sê jy.*
*Staan langs my,*
*nie teenoor nie.*

*Vat die kers,*
*sê jy,*
*in my ander hand,*
*en lei jou.*
*Laat ons loop.*

## Kanker

‘n Sware doodsheid
omvou my hart:
die leegheid, die niks;
bitter smaak van ongeleefde lewe
alle kreatiwiteit gesmoor tot korrektheid
om tyd te koop,
ingekerk in die tronk van positiwiteit.

En uit die koue duisternis
kom die Vervolger
en gryp my blom
verfrommel dit
tap die lewe
tot net ‘n spookagtige wasem oorbly
en ook dit mettertyd verdwyn
soos mis voor die son
asof dit eenvoudig nooit bestaan het nie.

Hierdie stryd my lewe lank
soekend na die gloed van warmte
wat nie was toe dit moes wees lank gelee,
toe die arms en spieëls
net koudheid en donkerte,
en versplintering van my siel
aan al kante was.

Die hoop
het my gelei op ver paaie
tot hier, nou

om die dagdroomwêreld op te gee;
om met my voete
oor die sagte aarde en herfsblare te loop,
om die lewe ewig in die oomblik te vind
om te weet wat die waarheid uitgesif het
in my siel, in my lyf:
      kan dit alleen staan
      of sink dit weg met die son
      oor die wester kim?

## Die niks

Swart gat in die hemel
wat insluk honger honger
alle materie energie lewe
    verdwyn
    disintegreer
    het dit ooit bestaan?
Groter leegheid groter geraas
minute tik verby
kom nie weer nie
kom nie tot volheid nie
    my ster
    geen ster om my te lei
    my aarde
    geen aarde onder my voete
    ek
    wie is ek?

Geen simbool om te hou te lei nie
gefragmenteerde global village
wanhoop trek my af sluk my in
bang vir die dood
alleen in die niks verveeld
stop in met sjokolade TV seks geld pille
    godsdiens werk sport vakansie pille
    drank sigarette dwelms pille pille
skerms is die enkel grootste afgodery
wat die wêreld ooit gesien het...

Niks is leeg
en vol verborge emosies

onnoembare verlange na heelheid
kan verdonker tot bitterheid
kan oopbars en heilige saad strooi...
as dit bevrug is
    is dit?
Die oop spasie.
Ek wag,
of verwag...

## Stad

In die holte het hy nesgemaak.
Tussen eens groen heuwels lê hy nou
met sy debrie van geboue en strate en ashope,
    dier,
wat luidrugtig snork en rusteloos rondskuif,
broei sy blink geld warm
soos ‘n eertydse draak.
Ridders in hul wit karre
staan bedwelm voor sy betowering,
hul bloed so koud soos syne,
    ou reptiel
in betonoerwoud uit die donker dieptes
van onbewuste lewe;
alle soorte hier versamel
tot kultuur en gemeenskap.

Los dryf ek rond in die waansin;
    ek,
verminkte kryger van die strate
in my oorlewingstryd.
Geen bande van deernis daar buite,
onbetrokke, ongeïnteresseerde mense
saamgebind in aanbidding van
    die Wit Man.

## Winterboom

In die winter is die hemel hoër.
Daar's 'n gat daar bo
waardeur my dansende boom
se vingers rooierig steek
gestroop en kaal en magtig en skoon
dans hy sy waarheid van skadu en lig
teen bytende koue blou lug;
oënskynlik leweloos sy raamwerk,
sy argaïse patroon onthul -
vroeër verskuil agter blaredos,
betowerend vir my
soos my eie dieper waarheid.

En amper vergeet ek
die stil geheime belofte
afwagting
soos 'n swanger vrou
van 'n nuwe ontwaking.

## Moord op my vrou

Lig en bly dans sy
die aarde sing deur haar voete
die winde omvou haar in omhelsing
sy vloei soos water
glim soos sterre aan die hemel
grasieus, soet
lig, so lig ...
Sy vlieg met die swerm.
Sy's heel.

Maar midde die skoon harmonie
klink daar ver, ver weg
'n kras geluid
'n onheilspellende klank
'n ou herinnering
en weer weg ...
Dan weer, harder
vlietende beeld
van 'n ou nagmerrie
en weg...
Skeilik duidelik
sy sware voeteval:
die Vervolger is hier!
Verlam, willoos, verblind
gryp hy haar
vermorsel haar skoonheid
haar onskuld
tot niks.
My smart
my vrou is dood.

## Neurose

Hierdie dop van angs wat moes keer
teen seerkry, teen leef
toeplak van ou wonde,
pleister maar ook 'n tronk.
het vasgegroei oor jare
soos 'n tweede vel
soms sigbaar,
soms nie
soms is ek ek
soms is ek dop.
Soveel wonde moes dit beskerm :
    vroeë pyn
    gebroke heelheid
    verlore kosmos.

Maar dit moet telkens wegval
soos 'n slangvel.
Rou en nakend moet ek staan
in my selfde ou wêreld
geen absolute sekerheid
om te leef en kies
met nuwe oë.

## Vrystaatse winter

Die gras het verdor
tot repelsteeltjie goud;
die hemel is skoongemaak en oop.
Ek sidder in die ysige wind,
hoë luiwarm son bring my tot stilte
bak my koue bloed.

Dae verkort tot langste nag
swart gat, stilte, alleenheid en koud
swart skadu, groot skadu - die dood
laat gaan, laat gaan
sak af in my kern
heel onder is die stikdonkerte
kyk nou en hou op vlug
heel onder is hoop:
die waarheid is 'n koue pynprikkel
en bring die lig
van 'n nuwe naam.

## Siekte

Siekte is 'n god in die lyf,
'n beeld wat jou lewe oomeem:
ek is die mens van die Skildklier.
    Is jy die mens van die Hoogbloed of Hart,
    van die Asma, Maag of Rumatiek,
    Sinusitis, Jig of Migraine?
Baie om van te kies, hoor.
So kies ek dit
lank voor ek weet
in daaglikse klein besluite, patrone.
Ek weef uiteindelik my lewe
maak rimpelings in ander lewens,
my ewige vrug
in aanbidding tot hierdie god
lyding en verlossing in eie hande
bring my by finale voltooiing.

Geneesheer, versorg my,
soek in jou hart na deernis en respek
spaar my jou jammerte en projeksies.
Hou asseblief
jou medisynemasjien
en jou verwaandheid in toom.
Verstaan tog dat ek moet soek
na die boodskap in my ongesteldheid,
verstaan ook my pyn, ontsteltenis
en angs vir die dood:
my pad het gekom
by hierdie brug.

Ek wil nie gered wees
van my eie proses nie.

As ek my siekte kan deurleef
kan ek hier wysheid vind,
oeroue weet en heelmaak van selle.
Vertrou in die lewe,
sweet dit uit tot rypwording toe.

Twee en 'n halfduisend jaar gelee
het Hippokrates sy eed gesweer;
maar, so lank al kwel dit my
die eed wat die dokter nou bely:
fokus vervaag van een tot massa
statistieke, statistieke
eie menswees ongeag
in selfopofferende be-edigde plig,
word koue logos en magspel
koue dokter.

Vergeet ook nie die enkelling
wat moedig sy pad wil gaan
en gevaar staan oorweldig te word
deur yskou medisynemasjien:
fragmenteer sy lyf
mikroskopies, radiologies, teleskopies, operatief
pype, lyne, masjiene
ingesluk, verorber
sonder in ag neming van sy siel.
Kom ons nou by
'sinvolle behoud van menslike lewe'
dan verwonder ek my,
want wie sal die sinvolheid bepaal

en is die Dood
nie deel van die Lewe?
Kan enige mens my
van my saad bevry?
Soms kan red-‘n-lewe
die sterfproses verongeluk
tot opbou van dokter se ego
en uitgerekte lyding;
‘n rekening aan die nageslag.

Medisyne is 'n kuns
om met wysheid te beoefen.
Aanbid nie die grote wit dokter
om jou te red van jouself nie.
Pasop vir die dokter!

## Lament van die aap

Groen misterie van ongerepde reënwoude
blouswart silwerrug
massief en wild, aap
en sagte bruin oë
in groepies, rofspelend, versorgend, weiend ...
Vanuit donker dieptes
uit verre bossige klowe
asof uit die warrelende mis
reis 'n aanklag teen die mensdom
'n kragtige klaaglied
óp uit die aarde.
    Bevry o bevry my.
    Laat my dans om my vuur, om die paal ...
    Laat my rol in die gras met die kleintjies...
    Laat my wei met die trop.
    Laat my baas wees hier
    en eenvoudig leef.

Meteens 'n jagter
maai een groot aap af
sy hand sal 'n aardige klompie haal
op die swart mark.
Die groot aap trommel op sy bors.
‘n Kreet skeur diep uit sy lyf...

My eie aap
bonkig, lomp gallopend
dans om die vuur
honger vir die trom
primitiewe instinktiewe ritme

om en om en om ...
Uit die diepte van my wese
kom 'n kreet
van gefrustreerde lewensdrang
gefragmenteer, geklassifiseer, geliasseer
een blaai in die laai.
Werp af die kleed, die vernis
kastrerende kettings van kultuur.
Laat my leef !

## Okerlyn

Die voëls sing hul aandlied
as ek die hoogte betree
en op die gesigeinder
die okerlyn meet:
laaste skynsel van die vergange dag,
‘n lyn van vrede in my gemoed,
    wees gegroet

Soos die dag sal ek ook sterf;
in die speelspasie
tussen aardse en geestelike
    my boom
wat uitbreek uit die donker grond
om hemelwaarts te stoot
swart en knobbelrig van
    baie pyn
en du teen die vloei,
om uiteindelik te leer
met die Heilige Wind te gaan;
oorspan die Skepping
en stort saad
vir ‘n nuwe dag.

## Dans met die Negatiewe Animus

Geforseerde energie dwing uit
vas in my keel
'n skreestem
'n kopseer
    hoor myself
    selfkritiek
    verskeur my vrou in stukke
        wat is op my rug?
Krities
bevelend
beherend
perfeksionisties
vol opinies
koud koud koud
    spiraal van destruktiwiteit
    slinger my om en om
    geen dryfveer om my uit te neem
    geen energie my gebied te beveilig
    trek my af in leegheid
    dryf my voort in rusteloosheid
    fragmenteer my lewe tot onsekerheid
        ewig skuldig
        blomme op my rug
        raak weg
        ek kan nie sien nie
        kan nie voel nie
        waar is ek?

    Innerlik is ek die gyselaar
    soveel sterftes

vroue verkrag, vermoor
binne en buite
onbewuste instinkte, behoeftes
towenaar
trickster
chaos, chaos
patrone ...

Hy speel sy spel
projeksies, skuldgevoelens
gesagstemme, verwagtinge
onderdrukte behoeftes en ongeleefde lewe
koggel, koggel my
aanklaer van binne
besoedel die helder spieël van my gedagtes
tot onsekerheid
en dodelike negatiwiteit.
Met bewusmaak van my skaduwee
word hy stadigaan
kreatiewe bewoner van my winterboom,
tempel gebou uit ou beendere
van vorige sterftes
en bewaak nuwe vroulike lig.

## Resep

Neem een koppie tyd
die afoor koppie met blou blommetjies
voeg daarby:
een bevrugde saadjie
genoeg pyn om dit oop te breek
liefde na smaak
'n knypie genade.
Meng dit alles goed saam.
Bak vir dertig minute op die middelste rak
 in 'n matige oond
tot goudbruin.
Lewer een lewe.

*My genade*
*is vir jou genoeg.*

## Beeld

Ek maak die stukkies bymekaar
oor jare versamel
stukkies leef en weet
stukkies liefde en vreugde
pas inmekaar, soek en probeer
soos 'n wonder legkaart
verouder soos wyn, toets van die tyd
mooiheid, die hand wat my lei
en meteens is die lyne sigbaar
hoor ek die godestemme
hoor ek die sterremusiek
van 'n groter waarheid
ewige wysheid van die lewe
een kortstondige oomblik
veeg van die engelvlerk
'n nuwe gebed.

Betowerend is hierdie spel
harmonie in die stilte, die oop spasie
heelheid van die mandala
versorg my in my gebroke wêreld
waar geen mite my meer hou nie
soek my eie mite
of word siektebeeld in my lyf;
maar betowering kan my gryp, oorrompel
en terugsmyt op die harde grond.

Die waarheid van die beeld
is gegrond in die aarde self
waarsonder dit leeg en futloos

opstyg en verdwyn
want tussen aardse en geestelike
die derde spasie, speelspasie
waar beelde
of ek
soos saad verskyn
en asof in 'n kweekhuis
tot onbekende wasdom groei.

## Straat

Laatmiddag stap ek om die blok
sesvoet heinings en veiligheidshekke
'n hond snou my op sy drumpel toe.
Dis koud:
enkellinge op straat
werkers haas na huis
loer tersluiks
kyk vinnig weg.
Op die hoek 'n botsing
fietser staan verontwaardig
motoris selfregverdigend;
man en vrou draf verby
onbetrokke onsiende mense.
Meisie in nuwerwetse motortjie
doef-doef straataf
laat vir my 'n plassie parfuum op die wind;
boemelaar slinger in die pad
steek vas
braak rooi op die teerpad.

God, God waar is jy?
Gebroke beelde
mal wêreld.

Op die bult sien ek die okerlyn
en agter my
vereis die volgeel maan.

## My tuin

Agter sesvoet mure en geslote hekke, my tuin:
gewoon, voorstedelik, alleen
met grasperke en bome en blombeddings.
mooi kolle en dooie kolle en bosse,
maar dis myne.
Daar's ertjies ook in mý blombedding
roosmaryn en laventel
kattekruid en penny royal
ysterkruid, rose en malva's
en my eie geelhoutboom.

Die son skyn warm op my stoep
bruinduif, jan frederik, tiptol en mossie
leef hul eie drama's
bo-oor myne.
Bleddie uintjies in die blombak
ewige ergernis
groei geil tussen blomme en kruie
kom altyd weer
soos kanker.

En op die baksteenrand
by wie ek van gemeenskap leer,
'n breë ry bedrywige miere.

## Straatkind

Verwaarloos, vertoiing
in wind en weer
met snellende motors
weerskant sy staanplek op die sperstreep
klein bedelaar met sy kartonnetjie:
    Ek is honger;
    het nie pa of ma nie.
En glip agter die bos in
sy gom te snuif.

By my kruispaaie
kry ek hom immer weer
straatkind
buite die kring, plekloos
helse alleenheid
verhonger na spieëling en versorging
bedelend om afvalkrummels liefde.
Maak sy plannetjies, manipuleer of vermaak
klein trickster te oorleef
of hy baie het of min
honger dryf van binne.

Vry is hy, geen bande
en wonde te heel of maak
soos hy kan, en leer
kies
die spirits te soek, ekstase
of wysheid van die strate.
Die waarheid sal van binne sif
ons, die straatkinders.

## Plek van die Olifante

Na dae van strompel
sonder kos of water
kom sy tog opeens
in die grootse oopte
heilige kring
en ou beendere ...
Half versonke in die modder
die swaar lyf, oog wat staar
massief en trots kon sy eens bome ontwortel
met ore flappend en trompetterend in die wind ...
Ingesonke vlees
voed nou skoonmakers van die veld
stoei en stoot om 'n plek by die feesmaal
om uiteindelik verplaas te word
deur brommers en maaiers
en laaste oes
van die karkas.

En goed gevoed op sentiment
vertrek die laaste aasvoël na huis
tot môre
wanneer skeptisisme
hul immer terugdryf, die weldoeners.
Tog kraak hul nie
die grootsheid van die plek
waar die Lewe opeens in volle waarheid
asemrowend
reg voor my staan
en ek hierdie mens
in sy volkomenheid mag sien.

## Ek hoor ‘n kind huil

Ek hoor 'n kind huil
temerig aaneen
klaend en moedeloos
verlate.

Hou my
hou my

O die bitter pyn
die onbegrensde alleenheid
slegs die godestemme
wat sorg, wat spieël
in stikdonkerte
skrikwekkend
in gedaante, soos in 'n nagmerrie
of riller.

Sien my
sien my

Die leegheid: geen spieël
geen soete verbintenis
kosbare houer, veiligheid
of grond onder my voete;
slegs dooie grys niks
en koud soos die dood.

Soen my
soen my
Judas kus

## Narsisisme

Vanuit hierdie pyn
is ek nog altyd opsoek na myself,
soos Narcissus
maak my spieëls hol ego-end
betower my en skrik
vlug vir die andersheid
en wyer alleenheid
buite die kring
gedwing om wyer te soek
na waarheid, heelheid
my eie lied.

My pad van spieëls
waarin ek my stort
loop vry sy eie koers
bring my telkens weer
by die oop spasie, heilige plek
en leer my op nuwe wyse
bid.

## Sjokolade

Maal die bone bruin gebak
kook die dik romerigheid
roer en roer
donker sagte voue rimpel
deur die lekkerte.

> Soet soet soet smelt en gly
> af af in my keel
> diep donker goedheid soet
> soos moederliefde
> soetigheid van my lyf
> soet is my eie aard vir my.

Diep lekker dinge van die Lewe
is goed
maak lig die pyn
en lag.

> Sensueel
> satynglad
> aroma
> verrassing
> sjokolade!

O om ‘n ma te hê...

## Stilte

Stilte
oop vierkant
wilde energie borrel
dansplek van die argetipes.
Ek sonder my af: op soek na God.
Alleen in die berg, hoor ek net die wind.
Lammergeier sweef in sirkels bo.
In sy nuuskierige blik
vind ek my eie plek,
tot nederigheid
verstom.

## ‘n Klippie in my hand

Ek hou 'n klippie
in my hand
in die holte
heel.
'K vou my hand toe
om die klippie
koud en hard
heel.
Ek kyk die lewe
tussen die oë
en voel my klip is
heel.

> Hou ek hom
> of hou hy my?
> Ek weet nie
> en ek traak ook nie.

Ek staan op die aarde
en kyk na die sterre;
ek weet
my klip is
heel.

## My skippie vaar deur stormsee

My skippie vaar deur storrnsee
ongekaart, alleen.
Blouswart dieptes rys op en troon
stort skuimend oor my heen.
Koud-sidderend steier ek voort, my skip
en oë op my ster.
Elk deining is opnuut gevaar
en worstel te oorkom;
soms skrik ek vir sy skaduwee
koue angsweet op my lyf.

So reis ek soekend jaar na jaar
na kalmer waters en sekerheid
maar raak gesout en taai.
Ek, skipper met die lang wit baard, vaar
al om die wêreld van see tot see
'n hele tagtig jaar ...
'n oomblik is 'n leeftyd klaar .

**!**

Ek merk een more op
eerste swart strepies
van nuwe sywurms;
gaan ek na my moerbeiboom
vind ek met verwondering
vanoggend
eerste bleek blaartjies
deurskynend teen die lig
en voel die lewensap
pols deur lang lote, stoot
die ruimte in.
'n Vulkaan van kleur en geur ontplof
laat my na asem snak.
O die vreugde
perskebloeisels en jasmyn
pronkertjies en bokbaaivygies.
Lentefee
strooi die wonder op die wind
soos 'n ou, ou lied.

Onstuimige nuwe winde woed, verpletterend
al om die pasgeborenes.
Het die mossienes oorleef?
Roofdier soek die swakker kalf.
Lewe en Dood
immer langs mekaar
onverstaanbare wette van genade.

So sif Sy genadeloos
en rooi stofstorms, selfs orkane, veranderings

is misterieus
pak aan, bou op, sak geweldadig uit
groei tot eerste lentereën
en verwonder my opnuut
soos 'n skoongewasde kind.

## Die ysterpot

Slim ou boepensie
indoenamagie
stomend vol wit krummelpap
vol vol vol
vlamme, lek-lek om die swart
        skep en kry
        skep en kry
        almal kry.
So lekker rond is hy
soos 'n vet klein babatjie
soos 'n groot swart mama;
drie verspotte pootjies skiet
styf opgeblaas
van onder uit.

En ek is ryk
en ek is sterk
want heeldag kan ek werk
van hierdie kos
wat ek uit my swart pot kry.

## Die blom

Tyd spiraal ewig
in 'n afgeleë sterrestelsel
en in sellulêre DNA,
myne.

'n Doudruppel
weerkaats my blom
 stralekrans en skyn.
Ewigheid is in my
ewigheid is om my
my blom hou my.

Skadu en lig vorm
vanuit die stamper en vrugbeginsel
van my kern
'n klein, klein saadjie
'n enkele sel
                groei ek van binne na buite?
                groei ek van buite na binne?

My blom skitter aan die hemel, roep
'n spikkel lig
'n sonmaan
of 'n hele sterrestelsel.

## Die rooi lyn

Smorens vroeg die hanekraai
en nuwe dag.

Die aarde is 'n vrou
en agter haar borste
in die verte
trek die rooi lyn 'n streep
tussen dag en nag
skiet
die eerste sonstraal uit.
Ek breek die aarde oop, sweet
buig na die grond, werk ritmies
bring in die oes ...

My knoetsige swart boom
gloei rosig teen die lig
versmelt met die nuwe dag
en gooi die vuurbal
van tak tot tak
van dag tot dag ...
Vanaf die oertyd
verkondig die voëls
met elke ligdag
opnuut die wonder.

## Kruispaaie

Hy sien 'n stok blink in die sand
en gryp verskrik 'n slang.
Voetseer pelgrim leun op sy staf
midde die vurk moet hy kies
of loop in sirkels?
Hy weeg die verloop
bespiegel oor die uitkoms
bestemming bereik
is eie waarheid.

'n Skadu val van bo oor hom
en tastend in die duisternis
ruk ou wonde oop
laat horn gillend wegtuimel
die donkerte in.

> Watter besluit
> bring hom nader aan homself?
> Watter god
> het nou sy pad gekruis?
> Watter vraag is dit
> wat hy moet vra?
> Die antwoord volg vanself.

Die taak rus swaar
en as hy by sy somtotaal kom

wanneer die oes moet in
èn die onkruid –
sal die skaal met tevredenheid sê:
            genoeg?
Die staf in sy hand
sal sy voete lei.

## Die mal man

Ek hoor hom om die hoek kom
brrmm brmm brrrmmm toet!
Deksel van 'n leë verfblik
vandag se stuurwiel
en snel hy straataf
wuif vir bekendes
lyf geheel vooróór gegooi
in ernstige waan:
hy ìs 'n motor.

Is hy ‘n produk
van‘n leë dooie huis
            sonder inhoud
            sonder bande
            sonder liefde
                        verveeld?

En jaag hy oor die aarde
met ronde voete
haastig-haastig
geen tyd vir self of ander
rusteloos oppad van hier na daar
mal vir ons almal?
            Soveel dooie mense
            soveel dooie huise
            soveel mal mense.

Ek koester hom teen my hart
my eie waansin
uit leegheid gebore.

## See

kies en
kan leef
ek
sodat
sand
nat goeters
die my uit
van vir diep
spieël spoeg onder
blink Die see vanuit
die haar
op grote
maag

## Reënboogboom

Tussen aarde en hemel
is die reënboogbrug
          die reënboogbrug.
By sy voet is die boom
en die goud.

Spiraaltakke rol uit soos 'n varing
voer my die wêreld in.
Teen sy stam genestel
bly voël en dier
veilig versorg in die niks-woestyn.

En die wind waai deur
          waai deur
die wond
waar die boom nou staan.

## Geraas

Wind waai gordyn waai
geraas geraas vloei
deur my soos Lag
die wind deur my boom
en raak my raak my
gesigte Sonskyn verstar in pyn en leegheid
laat my keer polisieer my skadu
die geraas klim in my stilte in
televisie isie issie radio blêr bok ver
te veel te veel stomp Liefde my af
ek wil nie alles hoor hoor hoor nie
sirene gil skril jil dril wil
onrustige pols van Vertroue popmusiek
bande Waarheid suis ewig op die teer
klink soos see en lewe
mensdom Vrykom se geraas is dooie pyn
maak my mal alal alal Luister
te veel dooie doppe Dood koppe poppe
waai deur my kop
konflik disharmonie gemors
fop dop lop sop Sing
lala gaga kaka Wind haha
Asem van die Lewe
waai waai waai
tot ek in die geraas
my lied
hoor

wat
lag en son en liefde is
wat vertrou in waarheid en vrykom
die Lewe luister, die Dood sing
die wind waai,
die wind
waai.

## Nagloop

'n Skrefie maan beloer my deur die wolke
en weerlig flets na die noorde.
Die nag blink donker in die hoër donker bome
waartussen straatligte geheimsinnig glim.
Swaar geure sweef sag omheen,
o soet is die siel van die nag!

Geleidelik dring die nagklanke nader en sing
dwing uit hul skuilplek die donker se lewe.
Nagmense dans, elke skadu kry lewe
neem óp die verhoog van die straat
deur die rustende ego verlaat.

My mond gaap oop, my oë staar
my asem stol - watter vreemde spel!
Teen die lamppaal leun 'n vrou besitlik
nog ander word gebore uit die donker se hoeke
en ontmoet doodluiters absurd midde die straat!
'n Kompleks of 'n drama, toevallig, wie weet?
Dis duidelik dat ander reëls hier meet.

Wyl ek snags niksvermoedend, beskermd
omdraai in my bed
gebeur vreemde dinge in die donkerte
die natuur se wet.
Dan speel ek weer my wakker rol
en dink verwaand : dis ek!

## Mosmosaïek

Skurwe bont boomstam
vol mosse en voëlent
patrone
flikker op en gloei
in neongroene, kry lewe
in die klammigheid
of kwyn sag en wag en wag ...
tot die eerste straaltjie reënwater
weer afkruip teen die stam.

En as mens baie, baie mooi kyk
uit die hoek van jou oog
dan sien jy die sagte roer
van die mosfeetjie soos mis
dartel en gly met die wind
met die Lewe en pyn, wonde
met die mooi en speel, verwondering
en weef sy daarmee
die groenbont mosmosaïek van leef.

## Swaels

Eens klim ek uit by 'n modderplas:
twee swaels skep ongesteur klei
vir nesbou onder die brug ...

Deur al die vensters heen
kan ek nou weer
die swaels sien kring
windhonde van die lug
sweef en speel op die stroom
hoog, hoog ...
Duik af en maal
om die karre in die straat
met wild-dringende intensie
agter 'n swerm rysmiere aan.

Ek kyk op van agter die glas
geniet hul vry-wildheid
bokant die geraas
en ek weet weer
hoe honger ek vir die Lewe is.

Die swael bars deur die glas
tot binne-in die pyn;
die aarde skud in my
die waters vloei om my
onderdeur die brug.

## My god

Ek moet diep oopbreek
en nog
en hou en hou
tot ek wil mal word
sodat die grou klip van my lyf
tempel kan word,
sodat die gewone dinge
hul heilige lewe kan terugvind
en ek nederig en gewillig
in die verpestelike Wit Man
my engel vind.

## Visse

Vyf visse swem stroomop
in die Rivier -
net 'n dooie vis
swem met die stroom -
spelend in golwe van waarheid
grypend na hul droom.

Ego en Skadu ontmoet
goue Bewuswording
verander jou lot se lyne, vernu
roep Wedergeboorte en Dieper Deernis
wat ryp word en vol met die tyd:
    leef chaos en harmonie
    onrus en vrede
    lyding en vreugde
'n heilige Jobberg
vanwaar
die Groot Rivier nogmaals stort
en die water al skoner word.

## Die hemel se pilare

Tienduisend sterftes bou een pilaar
sement die hemel en aarde
op sy vier hoeke -
in elke venster skitter 'n kruis
sodat daar eenkant in die stilte
tussen son en maan verby
deur die genade kan groei:
    pilaar van die geheel
    van liggaam en siel wat saamkom
    en blom in bewustheid;
Pilaar van Lig
bring by my rus
trek die aarde opper
trek die hemel affer
en kan dit vanuit die pyn
van ampermal
my met groter wysheid leer
van die aardse waarhede
van Lewe en Dood,
betekenis gee aan my kronkelpaaie,
die lyding lig maak, bevrug
die enkeldheid van my alledaagsheid
sodat die stryd en die streef vervaag.

## Na die storm

Na die storm, verwoestende konflik
verby getrek het na ander groen valleie
kan ek weer uitkyk oor die stad
wat wit en klaar staan
in die skoner lug,
silhouette skerp opgeteken
in die verte,
vol lig en ligter
as dit was
          gesif
van dit wat onnodig is.

## Vuurdans

Die wind en die vuur het saamgekom
in 'n dans
in my siel.
My voete maak
sirkels aan sirkels
in die gras;
my arms vleg
hoog en laag
soos swaels.
Die dans skeur my oop
en laat haar ligvoets
uit trap
terwyl ek sing, ek sing
van die pyn
wat my hierdie gawe bring.

## Amptenaar

Ek doem meteens voor jou lessenaar op
waar jy sit in kamer 227
wagter by die hek
burokraat
basis van die magshiërargie
uitvoerende beampte-voetsoldaat
wat met groter lojaliteit my behoeftes beheer
hoër gesag nou hier afgedwing
in omgekeerde magspiramied :
die driehoeke saam vorm ook 'n ster.
Magteloos dans ek nou jou spel
kokend van frustrasie
en nèt voor ek jou vermoor
flits jy gou met berekende finesse
daai colgate smile
in diplomatiese onskuld
en boor my dan verder
meester van halfverbloemde reëls
vanuit jou magsposisie
van misverstande en meerdere kennis.

In jou glaspaleistronk sit jy en regeer
versorg my behoefte net sover dit korrek is,
Wagter by die hek van my Lewe,
lag skepties vir die kosbare saad
van die klein idee
wat uitswel en groei tot 'n boom
uittroon bo jou skanse
wat krummel aan al kante.

## Die uittog

Jare gelede het die oproep gekom
vanuit 'n brandende bos
om ons in te lig
dat hierdie bome nou verrot is
en uitgekap moet word.

Na ons aanvanklike onwilligheid
het die pyn ons oopgeskulp,
is ons wonderbaarlik verlos
van ons onderdrukkers en agtervolgers
en het ons swerftog buite die kring begin:
vir veertig jaar
was daar snags die ster
bedags die blom om ons te lei.

Op die berg in die mis
is die Wettafels van Waarheid
aan die oudstes opgedra.
Vele kere is die murmererings van die volk
versorg deur tekens en wonderwerke
of is afvalliges teruggebring of uitgesif.

Nou het ons by die hekke gekom
en het dit tyd geword
om die Ark van die Verbond
te bring by
die grond van ons geboortewond
sodat die belofte in die pyn
bewaarheid kan word.

## Aangaande die mag van kleiner dinge

Hulle gons om my kop
hierdie swerm muggies van afsprake
brommerlysies van goed om te onthou
muskietkaders van onderbrekings
nat tweebeenvlieë op die oorkantste stoel
suig my in, verlei my
sterk my in my weghardloop
en ek dink
ek kan vrykom deur dit klaar te kry
en ek dink
dat dit al is wat die wêreld is.
Ek laat dit toe om my te oorvloei :
willoos dryf ek met die stroom of beheer
die samsara-spel van tienduisend betowerende dinge
om my ego mee om te koop tot literalisme,

maar
in die kleiner lewe
is misterie en heiligheid.
Ritmies spoel ons saam in die Groot Oseaan
en plooi die Groter Drama
soos ystervysels in 'n magneetveld :
ek en my wêreld van besittinge,
of die klein diertjie
wat my skulpie bewoon het,
geleef en gesterf het,
op die bodem van die see.

## A(dol)essent

Hierdie stormdrama-tussenspel
iewers tussen kindertyd en grootmenswees
(te veel kom nooit daar uit nie)
tyd van nuwe dinge in die lyf
soms wonderlik, soms nie
maar kinderhart;
drifte en drange
gedryf deur die totale lewensenergie
in lywe groter as myne
en voeg in die kookpot ook daarby :
    al die talente en vermoëndhede
    al die ou pyn en gebrekkighede
    al die uitdagings en moontlikhede
    al die slaggate en verleidelikhede.
Dan broei daar (skielik) voor jou uit:
warm klein bakvissies
of rammetjie- uitnekkies
waarmee mens (en skadu)
moet saamleef onder een dak
let wel!
en nie
in 'n (warm of koue) oorlog nie.

## Die gawe

Die pyn lê soos 'n klip in my my hart
ontwaak na veertig jaar
en wonder waar hy vandaan kom.
Helder wil ek sien en hoor
vanuit die ou leegheid
die wonder van leef
die wonder van sterf.
Ek sing daarvan en vind ek kan
vind 'n wêreld van mooiheid
gesuiwer deur pyn,
my vlinder van eie waarheid
wat voortvloei uit my siel
'n eie pad in die wêreld vind.

En uiteindelik
wanneer kunswerke weer goeters word
net prente geverf op doek
wanneer spel versuiwer tot vrye genot
tot onskuld,
wanneer my hart vrykom uit sy glaskis,
kan skaals maar weeg
en weeg wat hul wil.

## Gras

Ek en my hond
loop in die pad
loop in die pad.

Versengende sonneblomson
insekte gons om my kop, en voëls
klop-kloppie fwieet, klop-kloppie fwieet.
Die gras glim in die laatmiddagson
fyn groen gras, welige rooigras
lang soepel stingels rimpel in die roering.

> Vleg vir my 'n mandjie
> om my vrugte in te pak;
> vleg vir my 'n matjie
> voor my bed te pas;
> dek my dak – o die reuk!
> vir my en my mandjie en my matjie

Die gras staan tot my middel
waar ek dit voel en weet
wanneer ek wanhopig padlangs sweet
hul skel-skepties skater my weerklinkend volg:
ek en my hond sal daaroor lag
want God sorg ook vir die gras.

## My lied

Dagbreek en skemer
kom lewer jan frederik luidkeels sy getuienis
lied van die Lewe
lied van die see:

> van venusoortjies
> en babatoontjies
> en feetjiekasteeltjies
> en pêrel perlemoentjies
> en groen pampoentjies.

Grysvaal opdrifsels
van vernietiging en stryd
pyn, verlatenheid, depressie of dood
jan frederik kom
elke oggend, elke aand,

> sing van venusoortjies
> en babatoontjies
> en feetjiekasteeltjies
> en pêrel perlemoentjies
> en groen pampoentjies.

## Sleutel

Ek sien ek het 'n nuwe sleutel
hou dit, weeg hom in my palm,
sleutel vir kas of huis, die deur
onseker wil ek eers nog talm.

Pas hom in die slot draai
onbekende dinge wat my roep,
stoot die sware deur swaai
en voel die koudheid my begroet.

Geskok betrag ek die gruwelkamer
en waag die drumpel meegevoer,
afgryslike geheime, ou onthoofdes,
silwer stof en spinnerak roer.

Ek hou 'n sleutel in my hand
ek kan die deur oopsluit om te weet,
ek kan daar skoonmaak en belig
of gruwels toemaak en vergeet.

Ek het die sleutel ver gesoek,
nou kry ek dit hier in my mou.
Die sleutel is my vrye keuse
dis net angs wat my nog hou.

## Verwonding

Die goue vis is lankal verwond
erfenis van twee duisend jaar se ooms
'n magswond aan die siel.
Die aarde versmoor onder 'n yslaag
broei warmer tot dit wil uitbars.
Die donker magswil rys weereens op
'n nuwe sadis-tiran is op die kim.

Rondom die magswond lankgelee
het pleisters gegroei en rame geword, struktuur
riglyne het verstar tot wet, kerker in
magteloses en magtiges
in die spel
van magteloosheid.

My goue vis is lankal verwond
erfenis van twee duisend jaar se ooms.
In diep donker kerkers
soek ek na haar,
breek die kettings met die lig.

Ek maak haar in my arms heel
was haar met my trane
salf haar uit my hart.

## Slange

Tien swart slange om my boom
krioel sissend versmorend
en staar na my in kille koudheid.
Afgemete word bates en laste bereken
om later die dooie dop smalend te vergeet:
eens jonk-onskuldig, ek.
Agter hul leë blik kan ek gewaar
oneindigheid van hul sielloosliewe
vol vrot en stank en maaiers,
oeroue haat teen Lewe, teen deernis,
lewende dooies vir ewig onrustig
vergiftig my wese met dodelike wanhoop,
vergrys my wêreld tot sy negatief
tot my droom verwelk en verkwyn
en kanker soos ‘n rot kom knaag.

By die waterlyn tuur ek na spieëlings.
Die see rys op, slaan wild omheen.
Benoud vlug ek na hoër grond,
maar keer op keer moet ek terug
gedryf deur die niks
tot ek haar dodelike jaloesie sien:
dis sy! dis sy!
Dis sy wat my lied gesteel het!
Ek sien haar na my toe aankom
stikstarend in die niks
om my in te suig in haar lewende dood.
Ek duisel om en om
soos ‘n hond op soek na sy stert.

Die afgrond gaap vermoeid onder oop
gapende bek van die monster slang.
Walging en afgryse rys op in my keel
as die dood my roep, my roep.
Maar jan frederik sing soet, sing soet
en die wilde see skuim oor my voet;
see en son lag kalm, sprinkel lig op die water.

Die swart slang se magslus kom aan die lig
ontmasker vergrys hy tot wit
glimmend versier met edelgesteentes
as die son opnuut sy baan bestyg
oor hope en hope gebeeentes.

## Die jood

Abraham vanuit die Teraplek
gehoorsame hoë Vader
ontsien nie sy seun, Isak
sal hy daaroor lag?
en va'er Jakob,
indringer en stryder
engeleleer by die klip;
die driehoek is volbring,
die stryd van oud en nuut.
En die wind waai die gras,
waai dit òm die aarde.

In die skadu van die ster
is die magspiramied
en omgekeerde gesagspiramied
magswil, die donker spel ...
aanklaer, vervolger: skuldkompleks
versamel juwele en goud.

In Job soek ek geregtigheid.
'n Aanklag word gerig:
my wêreld is vol lyding,
want God is nie net lig.

Ek wandel met die jood
op verre kronkelpaaie.
'n Nuwe lig skyn in die duister
en uit die aarde klink daar op haar stem
deur magspel vasgekluister.

## Die dood van ‘n voël

In die varings op die stoep
het die kat jou korn bêre
na hy jou spelend, genadeloos
die laaste hou gegee het
finaal,
pampoentyd.
Nou is jy net 'n hopie vere
en die besige rniere,
jy wat grasieus, lig
die bloue lug kon klief en vry
jou maat roep op die wind.

Jy het dit nie kon weet
dat die droomtyd nou voltooi is
en genoeg
en die dood, altyd naby
kon jou terugneern in haar skoot.

Soos Ma.

## Bessiebos

Ryp oranjerooi vruggies tros nou
en groenblou wasigheid in die verte
laaste vrugte voor die stroping
droë droomwarm dae,
bessies
en onverstaanbare bos van God.

Sy
glimlag met my
sy sien my honger
en plaas bessies dáár,
daar waar ek droom, heel en soet.
Ek ontdek dit, ek en die tiptolle
trossies rooi bessies
om leegheid te stil
kwetter en fladder en lag en lag
laaste vrugte van die seisoen.

## Die tromspeler

Sawens as die son sak
sien ek hom in die oopte sit:
mymerend gesels die trom
en pols deur die skemer;
swart silhouet teen oker lug
herkou die dag
die pyn en vreugdes
tot chaos terugval
in skoner lyne.

Nou klink die slae vaster op
ander betree die kring.
'n Koors breek uit en jaag hul aan
blink oorgehaalde lywe
hamer en hamer op die tromme
kragtige hande skim in 'n dans
tyd vergaan
tot die oomblik geheel oop breek
en verligting hul oorspoel,
tot elke waan en gier hom uitgewoed het
en hul een-een wegdraai
leeggemaak, ootmoedig.

## Dam

Dam
plaas tussen rante
volblink kaats
oewer-karee en soetdoring
drywende wolke
eende en bleshoenders
kring kringe en duik
onder by die suipplek.

Droë dam en sout
vryf in die wonde in
maar maak die dam weer vol bruin
water.

## Dans

Ek is 'n druppel, ek vloei met die water
ek is 'n veer, ek sweef op die wind
ek is 'n blom, ek groei uit die grond uit
ek is 'n donderslag, slaan vuur uit die rante.

Ek is 'n vrou, ek gee kos uit my swart pot
ek is 'n man, soldaat en ek veg.
Ek het 'n draad, ek volg dit al vlegtend
ek het weerstand, ek sif en gooi weg.

Ek het lig, kers skyn in my donkerland
ek dans, met my hemel en aarde
ek dans
met my sterre en stêre.

## Hierdie lewe

Kersvlam flakker
in die spieël van my gemoed
as 'n deur oopkraak
en 'n skaar luid spraak:

hul storm nou aan
met wilde oog
en wind wat stroom deur mane;
hart klop verwoed
klip spat teen hoef
dreun donderend oor die dale;
ek hoor my naam
hul voer my saam
die lewe roep, my pad, my sterreblom sing saam.

Die kersvlam flak
terwyl ek na asem snak
bewend die angs bestyg
en koerskry oor die vlak.

Geinspireer deur *Hierdie Lewe* en *Verkenning* deur Karel Schoeman

## Brief met borrels

Ek skryf aan jou
'n brief met borrels
van mosse en voëls
van bome, van gras;
van sonne en mane en jaargetye;
van volheid, van leegheid
van lewe en dood.

Ek stuur aan jou
'n waterbrief
met borrels wat asem
van onder die see;
borrels van donker
borrels van lig
deur die laaste sif gesif

*Sy stuur aan my*
*‘n brief met borrels*
*wat kielie teen my neus verby*
*borrels vol lewe*
*borrels vol liefde*
*wat nat-nat teen my wang af gly.*

## Die hek

Ligdeurdrenkte dae skyn
in roese en geel.
in 'n plassie goud,
haar asem:
swart ou ysterhek
rus op sy hakke
van aldag se gang.
Maar agter in die skadu skuil
driekoppige wagter van die Poort
wat my gelei het eers, verraai.
Magteloos betrag ek die strenge hindernis
fel en helder in haar lig:
betaal die tol, in eie klei.

## ‘n Duif in die puntboom

Ek kan hom van ver sien sit
die duif
vanwaar hy nou-nou weer
sal inklim teen die stroom
sirkel tot hoër spits en sidder
tot uiterste gestrek van punt tot punt
stol, een asemlose oomblik, hang
dan kantel met oorgawe in die spiraal
navigeer op die wind met volmaakte balans
sweefgly om en om
tot sy spel opbreek
hy horn met swiepend gebaar
terugwend na die puntboom
vanwaar hy rondborstig wêreldwyd
sy volheid in sang verhaal.

## Althea

Althea was 'n dogtertjie
groei met gras en blom;
gesalf in lig en skoonheid
onskuld in haar mond.
Althea was 'n meisie
sy staar nou na die kim;
hul sorg nog met hul skoonheid
maar ken haar nie alleen.

Althea was 'n vrou
en pynlik weggeruk
haar droomheel wêreld oopgebreek
baar kinders in gebrokenheid.

Althea word al ouer
vergange sekerhede
en het geleer te buig
leef eie pynpatrone.
Sy is nou oud en grys
is ook als van vroeër;
in eenvoud is haar wysheid
verwondering is haar groet.

## Granaat

Fyn takkies blink nat
in grys middaglig
reën sing
net 'n bos
enkele geel blaartjies
twee ou-ryp granate
vlesige sade lankal verstrooi
of deur witogies gevind, geniet.
Nou staan die bos in die gietende reën
eng en dun en leeg
met stille weet:
uit hierdie yl onvrugbaarheid
dat volheid weer sal wees.

## Die geut

Die druppels gly
tuimel en duisel
kopeerste af, af
in die lang donker tonnel
so lank, 'n ewigheid
so nou
en hou ...
spat uit op mos
en gladde klippe
blink, blink pasgebore.

## Silwerboom

Teen swart nag geteken staan sy
in silwerblink en donker
met wondersmaragde en robyne
ewige diamante, see-ige pêrels;
godin
wat dans in spinnefyn tabberd
en kaats die eerste lewenslig.

Nat takkies
winterboom
speel skadu en lig
in die skynsel van 'n straatlamp.

## Takkies

Takkies groen draadjies
hakies aan my baadjie.
laggies saggies nog 'n slaggie
spinnerakkie takkie hakies.
Gapies ek is vakies
slapies in die takkies
is die spinnekoppie wraggies ja
skrik gou wakker voor die naggie
draadjie takkies altyd alles
saamgeweef in lot se lappie.

## Die boemelaar

Vertoiingde flappende lappe wapper
om sy vervalle lyf
gooi groteske skadu's
in die lig van sy afvalvuur.
Met ruwe veeg
smyt hy die asdrom om
grom verwoed oor die yle oes.

Bedags vind mens hom in die park
waar sy vriende, die duiwe, hom oorval
en uit sy oorvloed put.

Vir eeue al versorg hy mos
ons almal se verstopte pype,
hy
en die skoorsteenkinders.

## Klipstapel

Vir jare is die klippe al
een vir een opgestapel
klipmylpale
van vele kruisigings
totdat die tafel sy blad gekry het
sy beslag
vir hierdie nuwe offervuur.

En as die rook en damp verdwyn
vind ek weereens
U woord, U wet
staan opgeteken
in die helder pynpatrone
van my stomme siel.

## Die singende boom

Sy droë fonteintakke
spuit uit die grysvaal stam
en vloei die hemele in
terwyl die wind suisend sing
deur tienduisend droë saadpeultjies
tien duisende nuwe bome
sing saam en ek sing saam
van diepe vreugde en vrede
wat uit borrel uit die donker aarde
onder die wortels van my voete
op du deur die stam van my lyf
bars dwarsdeur die blaredak van my skedel
om hemelhoog te straal.

## Die waterdraer

Die reënboog
het 'n kind gebaar
'n frats, 'n faux pas
wat in elke liewe situasie
vreemde betekenisse koud sien skitter
en met oorgawe wil verklaar.
Haar vriende is die geeste
van haar bleke wolkewêreld
immer verwees
van warme skyn en ligte kring.

Vir jare soek sy ver daarna
maar vind die reënboogvoet en goud,
skuld en onskuld, in die skadu:
die roos is in haar eie hart
en vul haar aardkruik
met singende water.

## Sluiers

Jou wonderskone aangesig
bly steeds vir my versluier
o godin,
my lig in jare se donker drome.
Ek merk jou hoë gestalte weer
reg naas die deurgang
waar jy my vluggies nog beveilig het
met eenvoudig klein gebaar.
Nou is jy weer verskuil
'n wasige beeld wat wink en verdwyn
grys berg en digte mis
versluier
agter die donker gordyn
van onbewustheid,
'n ui
wat ek laag vir laag moet skil
om nakend te bly staan.

## Berg

Ek wil u dank
dat ek vir 'n kortstondige oomblik
mog sit by u wyse voete
van oker en wynrooi klei
waarmee kunstenaars van die lewe
heilige oomblikke kon verhaal
oor duisende jare heen.

Ek wil u dank
dat ek mog drink
van u helder laggende strome
in mossagte koele klowe
waar water en klip
saam verweef is
met die vele wortels
van plant en dier en mens.

Ek wil u dank
dat ek u binne my mag dra
u rotsige ewige pieke
ontembaar hoog en vry
bo wolk en wind en skadu,
hier waar ek daagliks my weg moet gaan.

## Die stroom

Dit drup en drup
en plas en plons
en gly bly
en speel en spoel
en spot en spat en spoeg
borrel en gorrel en jorrel
dans om klip en draai
stort oor hoogte, spaai
vinnig vol, voller, vinniger
dam en voed en groei
en vloei deur dorre streek
'n burg van berg na see.

## Die blommeverkoper

Langs my pad
ja, by die kruispad
onder 'n seiltjie
met emmers vol emmers
die blommeverkoper:
die iezie, iezie lackadaisies
styfwit geswaarde gladiola
spatsels asters fluister fluit
'n rooi angelier vir die flamingo
wuiwende lelies sing van die velde
en rose o rose
is goed vir die hart.

Elke oggend kruis ons paaie
soek ek uit sy emmersvol vreugdes
stilte en sielekos vir die dag
se chaos, pyn en konflik
want rose o rose
is goed vir die hart.

## Grond

Dis lente
en ek vroetel in die grond
breek die kluite, ruik
kloof die aarde oop
en voor my voete rys daar op
'n Vrou, die aarde self
met arms wyd
omhels haar skottel
hele aarde, tilt die volheid uit.
Ek laat my ruglings
daarin gly, tuimel, stort
in die warm behouenheid
van haar stilte in
soos saad, klein idee
in die grond van my hart.

## Die blou vlinder

Uit die dop van die volmaankokon
het daar 'n vlinder uitgekruip
blinkbroos,
van middernagblou.
Vir 'n enkel stonde
in die helder daglig
raak haar lang swart skadu my,
omhul die nag my met haar mantel.
Waar die skadu val
vind ek 'n swart klip
'n klawers drie
'n hartens ses.

Dit is my oes
dit, my skat.
En die wilde see
skuim oor my voet
teken kantpatrone
vir 'n bruid se sluier.

## Die sprong

Nog 'n wyle wil hul talm
voor hierdie hoër hindernis
die swart perd en sy ruiter;
maar die oomblik breek nou aan
lewe pols, die waagstuk roep
welslae voor sy geestesoog …
Ingehoue storm hul aan
volmaak gefokus op hierdie taak
laaste aanspoor, opreis in die saal
effens vooroor geleun, gereed
verwag, ontvang die verre kim
versekering is daar nimmer nie ...
en oor!

## Tokkelossie

'n Oopte in die bossies
in tak en gras en blaar
'n eienaardige skepseltjie dans
op en af en hot en haar.
In die middel brand sy vuurtjie
hooggestapel met die hout
van al my sobere boeke-uurtjies.

Sy hanekam wip op en af
gelaatstrekke is verwring en kil;
'n boggel pryk van agter af
sy bene, drie, verskil.
Sy oë glim met sluwe set
geel skynsel in die nag;
sy hart pols rooidagnuut en red
verlei jou elke slag.

Hy is kind van 'n droë vrou
handstuk, erfnis in haar spel
want wraak is soet, dis wat sy wil
en hy kan gallag skel.
Beloer hom deur die rook van ver
en veilig is jy daar.
Sien hy jou raak, dan sal hy ...
jou toor, gedoriewaar!

## Die skulp

By die ovaalbek van die skulp
feetjiekasteel, getoring en fyn,
voordat ek die spiraal betree
oorskou ek eers my lewe en pyn.

Aangrypende kleine beeldwerk stulp
geskulp in skakerings van salm en sand
kliphande om my siel skulp oop
en baar my verwonderd op die sand.

Vergifnis syfer deur sand soos water
en was ons algar skoon;
uit die glooiings van my oorskulp
word sy goddellik-bevry gekroon.

## Klokke

Koperklokke kaper mymerend
in die nuwe oggendwind.
Hoor die tiptol jubelend lag
verkondig luid die suiwer wete
van die helder pyngedagte,
daardie grootse breek van saad
toe die soet geheel gesplit is,
weergeboorte van die susters
drenkelinge in die pyn;
een wat wentel om die son
strooihalm deur die wind gebring,
sif die blare, ruik laventel
so vertel die klokke nog.

O die helder pyngedagte
diep-verborge, eeue oud
kom die lied wat dit besing
word die oerverhaal vertel, bevry:
soveel duisend jaar geleë
mens in nuwe eie wete
Son verdring die Maan,
Vroue-siklus verstar in twee, donker lyding,
in elk lewe die ander moet soek,
o die helder pyngedagte
galm luid uit oor die velde
soos die koperklokke dank.

## Die moerbeiboom

Die son skyn deur die moerbeiblare.
Sommige takke staan al gestroop.
Die somer het sy draai gemaak.

Spoedig
sal slanke lote meer verkaal
soos die nagte langer word;
dan gloei hul effens perserig
in hierdie langer strale
tot alle rus voltooi is.

Met nostalgie rys die onthou
van die somer se vroeë dae
en oes van die druppende moerbeireën
vlek my vingers purperrooi
waar sy stil gevloei het,
en haar lewe ontplooi het.

## Die hond

Ylings deur die donkerland
volg ek my blonde hond
en hy, sy neus teen grond
gewend wyl ons die spoor volg, vir lank ...
verloor en vind, struikelstort in die bog,
in die dal, die spoor slinger nog
die donker in, 'n kleed
wat als bedek, versmoor, vergeet.

Die hond is my maat
op wie ek my verlaat
wat ek vertrou geheel
in hierdie woesteny alleen,
spelend teen die middag gou
of rus in arm se vou
om weer terstond die weg
te vind en hou, en lei, reg
na die offertafel, my.

## Gesprek

Die son bars oop
stort swael en vuur
reën lank verwag ...
Alle ou lewe verskroei
vinnig, genadiglik.
'n Droom vertel.
Die gloed kan ek reeds
voel gloei, voel skroei.
Aan I Ching
het ek gevra.

Die nokpaal buig
tot breekpunt toe.
Halstarrig sny jy die ankertou los.
Gevaar, gevaar
die massas ontwaak
die weermag staan op:
met toewyding begin hy rou ...

Is dit 'n profesie?

Stilte, wees stil.
Die skeiding is weg.
Die vuurbal
is van krag en klaarheid.
Die lot sal bepaal
ooreenstemmend die tyd.

Kom daar 'n oorlog?

Die wat volg:
volgehoue doen hul wat reg is
volgens die tyd, volgens die tye.
Die donderslag rus in die meer.
Die waardes verander:
doen steeds wat reg is
alle erns, alle oë
rus op die gidsster.
Hul ontmoet die gevaar,
die diepe misterie
Nuwe lewe ontwaak.
Die donderslag
staan op uit die aarde.

Wat is my plek?

Nuwe waarde
maar ook gevaar
vergeet om te vra
vergeet om te vra.
Harmonie
en die groter orde.
Weeg maar op die mag,
die krag of geweld.

'n Groter leegheid
stoot op in my siel.

Die altaar is gebou
die offerhande wag.
Aanskou die Lig:
dis nie 'n handstuk.
Die lig word verdof,
wees stil.

Die vraag, die vraag!
Wat is reg?

Verwag die hemele
wat sal voed.
Wag op die sand, wag kalm.
Wag in die modder, versigtig.
Reeds in die put.
Deurgrond jouself;
soek nie vergoeding.
Die Lig straal uit
oor dit wat verdonker.

## Boom

Daar was 'n boom
wat wêrelde kon dra
wat beskawings kon voed.
Aan die oertyd
het sy geboorte gegee.

Haar mosdeurdrenkte takke
strek oor seë en vastelande,
omhels daarna die uitspansel.
Oorvloedig gevoed
uit die sewe seë
strooi sy vrugte vir elke skepsel,
sorg 'n duisend jaar lank, nee twee.

En toe het sy terneer gestort
en vir nog twee duisend jaar
die grond gevoed.

## Madonna

Die donkie het lank gewag
dat sy moes kom
die vrou
wat ongeraak deur man
en tog twee kinders
die esel bestyg
en ry die stad tegemoet.
Sy kom van ver, vanuit die woestyn
haar lot wat roep
en voel in haar
die nuwe lewe
van saad ontvang
van hom, haar engel.

## Die bad

Sy laat haar sagkens
oor die wit rand gly
in die soelwarm dieptes
van die water in.
Eers was die lae
een-een afgeskil
laat gaan,
die bad berei
met diep versugting
na die reiniging
van alle patriargale smette.

Die kersvlam flakker
oor knobbels en klam holtes
wat onelegant verdwyn
onder die nuwe rimpelings,
om saggeweek, verskoon
weer teruggevind te word
in sagte voue ontvang, omhels.

## Susters

Die Boom van Wysheid
het twee geword
die boom van die lewe
die boom van kennis-van-goed-en-kwaad
soos Sy ook twee geword het
nie Godin van die Lewe
net Godin van die Dood ...

... sonder my eie godin van die Lewe
net godin van die Dood
die lewe om sy son
die dood in haar arms.

O my suster van die Lewe
suster van die Dood
jou borste toring
ver bo hulle uit
my suster, my siel!
Omhels my nou
sodat ek jou kan ken
die goddelikheid van my onskuld aanskou
o my suster van Lewe en Dood.

## Kat

Sy bly hier by my
en voer my sagte lyf vis
maar ek
ek is vry:
ek bly alleen
ek loop alleen.
Ek hou my stert
hoog, hoog
vir Bastet
en skuuur
as dit my pas
teen haar aan, of nie.
Ek suig die son in my lyf in,
en strek my lank uit
of sluip deur die nag,
sien hom wat knaag,
maar teen my naels
het hy geen verweer
ek speel en wag en speel
draai om, loop weg,
want ek is die kat
wat alleen hier bly.

## Gesig

Deur dik blou newels
kan ek vaagweg sien
die kante rond geteken
wat blink en vol
al nader kom.
Nuut ge-eien
is die soetheid, verborge
agter die ou grys sluier
en waas van magteloosheid,
my eie gesag
weggebêre, oopgevou.

## Die jaart

Met wye amber oog
draf hy na die verste hoek
en druk verwonderd bly
sy swart nat snoet
teen die verweerde seilskoen,
beminde vriend en vyand,
stoei en steier,
maar sy oor ruik iets nuuts
bo wilde wals van duiwekoer
en jaag opgewonde heen en weer
tree af die grense, sý gebied
hierdie vierkant waar hy spee1 en spoeg
waar alles bekend en nuut is gelyk
hy elke môre verras die plek weer vind
soos nou my voetval op die gruis;
hier is sy speelplek
in die jaart.

## Vrou

My lyf lê uitgestrek
oor die wye uitspansel,
een bloederige stuk vleis
van pyn en snot
oopgebreek, verpletter, flenters;
vir baie jare
aanmekaar geplak met uithou
en wag ...
Al die gom het nou versmelt;
ek's net stukkend
soos saad wat bars
voor groei.

## Seë

Langs die see
'n bondel sterretjies
eb en gety
voor elke vloed.

Son en maan
wind en water
spoel oor hierdie aarde,
'n passiespel in elke oomblik,
stook dit op tot stormsterkte.
Die see, die see, die seë.

Nou
dreun dit donderend swart
spoeg skuimbolle kwaad
'n skuldlas ry op elke rug;
dis hierdie leë lewe.
Koraalriwwe stoot hul wonders uit
in rykdomme ongeteld, gesteel.
Uit die Ooste, uit die Weste
kom die storm
die groot verskrikking
wat afmaai sonder mate.

Die see het gegee,
die see het geneem.
Haar naam  is ewig heerlik.

## Woord

Woord het gekom na die woestyn.
Die arend het dit gebring
van omhoog.
Die woestyn
is die Plek van Waterloosheid
in my siel.
Woord het gekom na hierdie plek.

Woord het gekom na die woestyn.
Sy is opweg!
Woord het gekom
van die arend
van omhoog.

Sy kom, sy kom
met die beker, met die boek
met die aanklag en die vryspraak,
want dit is volbring.
Woord het gekom.

## Somer

Die somer van die bokmakierie
sal vir lank nog by my bly;
die daglang soeke na sy maat
bokmakierie voor my venster
bokmakierie op my muur.

'n Tyd van skreiende hitte
dae versmelt in 'n spierwit gloed
en wind
en droër droogte;
mossies se luider voller lied
in nugter vroeë oggenduur,
die somer toe alles so tot rypword kom
en bitter wonde oopgebars
spuit hemelhoog
met die droë hittegloed
totdat ek in die skadu rondtas
smagtend na druppels lafenis
vind ek haar in stilte,
sy wag nog altyd
en soet sing die helder besef
dat sy ook ryp en vol geword het.

## Ritme

Die jaarringe kring al wyer uit
in duntye en vol,
in dood en vernuwing
gly dit ritmies deur die donker Poel.
Die vuur, die water
die stilte, die dans
die polsslag, die hartstog
in lig, in skadu
du dit my voort;
die trom wat my voete voer
duiselend, dansend
deur die wonders van die jare.

Gemerk, ge-eien is my siel
sein ek my wese in daaglikse deinings
tot op my sterfbed
die volle blom van my lewe,
waar ek sal vra, waar U sal weeg:
is ek U waardig,
o Trom van die Poel?

## Die kind verdwaal

Die kind verdwaal
in hierdie goue kasteel
van boomtorings,
‘n gevolg van die worsteling
tussen my en haar
te veel suur, te min basis.

Uit die hoë opgewondenheid van die dans
en die vuur
laat sy haar sluiers een-een val
ontbloot haar heilige waarheid
en haar wond
vir sy plesier
en kil kritiek.

Bevrore in die niks
jaag sy die vure al hoër, al wilder
opsoek na iets, die kind
maar draai al vaster,
verslaaf aan die oënskynlike sukses daarvan
gesien in sy genot;
die dans wat sy bang-alleen
vanaf kindsbeen dans
om hul goue guns te wen,
die dans van korrektheid:
haar lewe terug gesnoei,
die boom wat groot en vry
in son en wind sy takke moes sprei;
die dans van inpas en terughou
verpop die kind

en maak haar siek;
sy het gedink
dis liefde...
                Die kaggelrak word afgestof
gereed  gemaak
vir haar eie gode,
want in die groei, die heel wete
is die goud.

## U het gelê

O Moeder van ons aarde
Moeder van vele
U wat was van die begin af,
Moeder van die waters;
Moeder van woude en die grasland
van alles wat asem en leef
en nie,
misterie, die maan, die bloed
drie keer
U wat ons almal ken
op ons heilige binnenaam
U wat gee, U wat neem;

U het gestaan, geweet
wyl U moordenaar plot
gelê, sodat dit volbring kon word;
sy naam is bekend: dis Marduk
hero, eie mag ontdek, die waan
dagbreek van Logos:
maar hy staan alleen,
net hy,
die god van selfgemaaktheid
in ‘n dooie land met dooie bome
broer teen suster
suster teen suster
roofdiere wat sluip, verskeur
al een.

U het gelê
in die aanslag op die Dood

misterie, die geheim, die gevaar!
veldslag vir veldslag
millenium na millenium;
Rede, die oorwinnaar
die Lewe gekersten
want sonder dood
geen lewe.

En ons, Vrou
draers van U beeld
verneder, vertrap, onteer
ontmens
‘n gebruiksartikel
eksploiteer die vrou, die aarde;
manlikheid, U pilaar, integriteit, verswak:
dooie moeder, man en vrou
die een die ander bewonder, beny
besit, beheer en stryd:
daars geen liefde
in die braakland.

U het gelê
want dit moes kom, dit was Tyd
maar soos saad wat rus en wag
want die groei kom weer
klein fyn sprietjies groen.

Ek het gaan lê om te sterf;
ek het gedink
dat die uil my naam roep,
maar vanuit die chaos van die storm
hoor ek toe
my binnenaam.

## Saad

Verdwaal, verlore
keuses, kruispaaie
my ster en soek
verblind:vals lewe,vals hoop
afgesny...
waar, waar!
Maar dis dáár...
skyn en roep, lok
(verdwaal of kronkelpad?)
rig, balanseer: magneet
die saad.

Lang, lang pad
geskryf in die grond
van my siel, van my hart, ‘n kaart
my diepste dieper waarheid
geboortemerk en eien
magiese patroon van my ontvouing
vervat in geheimsinnige dieptes
reg vanaf die begin;
oopgekloof nou tot op die been
totaal gestroop van wat ek nie is nie
gereed om te sterf.

## Zebravisse ll

Met ver paaie het hy gekom tot hier
al die kronkels
klein liggie bly soek
in digte duisternis;
tot hier, by die waterkant
en sien die gevaar ...
Die spiëelbeeld, visioen in sy gemoed
die heelmaak van die verbintenis
met die dieper orde, patrone en betekenis,
vertroue in die misterie:
‘n venster
na die ewigheid.

Die wonder wat nou ontwaak
van lewe in die dieptes:
almagtig is die ander kant
en stoot die eiland òp
vanuit die oseaan.

## Die brug

badkamerspieël
vroeë klip om waters, bo en onder
dis die brug

## Susters

Die Boom van Wysheid
het twee geword
die boom van die lewe
die boom van kennis-van-goed-en-kwaad
soos Sy ook twee geword het
nie Godin van die Lewe
net Godin van die Dood...

...sonder my eie godin van die Lewe
net godin van die Dood
die lewe om sy son
die dood in haar arms.

O my suster van die Lewe
suster van die Dood
jou borste toring
ver bo hulle uit
my suster, my siel!
Omhels my nou
sodat ek jou kan ken
die goddelikheid van my onskuld aanskou
o my suster van Lewe en Dood.

ISBN 978-0-620-69607-4
9 780620 696074